

21 Desember

Skrifgedeelte: Markus 12:13-17  
Fokusgedeelte: NGB, Art 36

### Die taak van die onderdaan – betaal belasting

Belasting is 'n baie emosionele onderwerp. Dit gaan nie net oor geld nie, dit gaan oor 'n mens se lewe. Alle belastings ingesluit, is daar sommige Suid-Afrikaners wat baie meer as 60% van hulle totale inkomste aan die staat moet teruggee. Is dit nie slawerny nie? Vir baie mense is die dienste wat die staat as teëprestatie lewer (veiligheid, gesondheid, onderwys) ook glad nie op standaard nie.

In die tyd van ons Skrifgedeelte was vrae rondom die betaling van belasting nog méér emosioneel. Belasting is deur die Romeinse owerheid, 'n vyandige besettingsmag, gehef! Judas die Galileër (Hand 5:37) het vroeër hierdie belasting "slawerny" genoem en is na 'n opstand vervolg en doodgemaak. Deur Jesus se standpunt oor belasting te vra plaas die Fariseërs en die Herodiane Jesus midde in die politiek en polemiekie van die dag. Indien Jesus belasting goedpraat sou 'n groot deel van die bevolking Hom verwerp; indien Hy Hom teen belasting uitspreek sou die owerheid en die volgelinge van Herodus Hom as "n opstandeling" beskou.

Met sy antwoord verstom Jesus almal – eintlik tot vandag toe. Wat behoort nou eintlik aan die keiser en wat behoort aan God? Alles behoort mos aan God! Ook die keiser en elke ander owerheid, of hulle op 'n verantwoordelike manier belasting hef of nie (Spr 29:4), behoort aan God. Ja, alles wat ek en elke ander mens is of besit, behoort aan God! Hoe meer 'n mens oor Jesus se antwoord nadink, hoe eenvoudiger word dit om belasting te betaal, want dit is wat God toekom!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*